

Pretoria- 19 Februarie 2012

Skriflesing: Handeling 4:1-22

Teks: **Handeling 4:12**

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 11**

Sing- Ps. 98:1,2; Ps. 68:10,13; Ps. 89:11

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- u het die evangelie gehoor. Slegs die naam Jesus is al verkondiging. In die Naam is God se stem. God se stem van heil, van verlossing in hierdie wêreld. Jesus, 'n aards-menslike Naam, sy noemnaam, die Naam vir die Seun van God. In die Naam sit meer as net n naam. Die Naam op sigself is vir ons belydenis al die geleentheid om vir Jesus Self en alles wat Hy vir ons gedoen het te openbaar. Ons kan Jesus se werk vanuit sy Name verstaan.

Daarom dat die Kategismus met die Name van Jesus besig wil wees. Van Sondag 11 tot Sondag 13. Die eerste is sy Naam, **Jesus**. Daaruit tree vir ons sy roeping as Middelaar na vore. Die tweede is die Naam **Christus**. Daaruit tree sy amp na vore. Daarna word Hy ook die **Eniggebore Seun van God** genoem. In die Naam *Eniggebore van God* sien ons sy verhouding tot die Vader. dan word hy ook **ons Here** genoem. Hierin sien ons sy verhouding tot ons. Ons tema vir hierdie ontmoeting met God is dan – **IN DIE JESUS-NAAM HET GOD AAN ONS DIE ENIGSTE VERLOSSER GESKENK**. Eerste gaan ons kyk waar kom die Naam Jesus vandaan. tweedens wat beteken die Jesus-naam. En laastens-Wat maak ons daarmee?

Waar kom die Naam Jesus vandaan?

God Self het die Naam aan sy Kind gegee. Nie Josef nie, nie Maria nie, maar God die Vader. U kan seker onthou hoe die engel van God vir Maria gesê het...*ky moet Hom Jesus noem*. Daardie nag in Bethlehem Efrata is dit die Jesus-Naam wat oor die velde weerklink het, want daar in die veld by die herders het die engel Hom al die Saligmaker genoem, die Verlosser.....Daar was nie vir "n oomblik twyfel wat die Seun van God se Naam moet wees nie.

En nou, as u ons belydenis mooi lees, dan kom ons agter nêrens word vir ons gevra wat beteken die Naam Jesus nie. Néé, "n veel diepere vraag – **Waarom word die Seun van God Jesus wat Verlosser beteken genoem?** Die Naam het nie maar-net n betekenis nie, maar 'n geskiedenis. 'n Geskiedenis wat van God afkom. Hoekom wou God die Vader hê dat die Middelaar moet hierdie naam dra.

Pretoria- 19 Februarie 2012

Geliefdes, só is die Hemelse Vader Self aan die werk. In die Ou Testament het die Here al die naam vasgelê. Al twee die Josua's, die Josua saam met Moses en Josua die hoëpriester in die tyd van die profeet Sagaria, van wie ons in Sagaria 3 lees; hulle al twee se naam is eintlik ook Jesus. Jesus is net die Griekse vorm. Ook die profeet Hosea se naam is eintlik Jesus. In die name uit die Ou Testament kom God en Hy kom lê nou die eenheid tussen Ou Testament en Nuwe Testament. Hy, die Vader bind sy beloftes saam, deur sy eie Kind dieselfde Naam te gee, van alles wat in die Ou Testament belowe is.

Wonderlik werk die Here. Hosea, was die profeet van liefde. Jesus is liefde, want Hy is die Seun van God wat liefde is. Die bewys van God se liefde is dan juis sy eie Seun Hosea, wat ons Jesus noem. En dan die Josua saam met Moses. Moses het al van Jesus verkondig. In Numeri 13 is Moses besig om die twaalf manne uit te stuur wat die land Kanaän moet bespied. In vers 8 lees ons één van die twaalf was Hosea, *uit die stam van Efraim, die seun van Nun*.....In vers 16 sien ons Moses het Hosea, die seun van Nun Josua genoem. Die naamsverandering vertel van Jesus, as ons nou in die tweede plek gaan kyk-

Wat beteken die Jesus-Naam:

Hosea beteken God se heil, Josua beteken God is heil. God wat sy belofte van heil belowe het, skenk nou daardie heil, en die heil op sigself is die aankondiging en vervulling van God se belofte. Nou is dit nie net meer “God se heil nie, maar in Josua “God is heil”. So beteken Jesus dan ook “God is heil”.

Al twee die Josua's bring hierdie belofte saam. Al twee is silhoeët-tekeninge van die komende Messias. Josua die veldheer saam met Moses in die woestyn wat Kanaän moet bespied is koninklik aan die werk. Hy sou die koninklike leidsman wees wat Israel uit die woestyn sou uitlei en hy moes vir Israel die beloofde land Kanaän inlei. Jesus moes ook sy volk, vir ons, sy Kerk, uit die aardse ellende uitlei om ons die hemelse heerlikheid in te lei. Die tweede Josua saam met die profeet Sagaria, was nie koninklik aan die werk nie, maar hy was 'n priesterlike leidsman. Hy sou saam met die Koning Serubabel die volk uit Babel teruglei na die land van hulle vaders.

In Sagaria 3 is die hoëpriester Josua voor die Engel van die Here. In vers 3 sien ons, hy sien homself *bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan*.....Hy moes van hierdie vuil klere verlos word, hy moes sy vuil klere uittrek en 'n fees kleed aantrek. So het Jesus ook

Pretoria- 19 Februarie 2012

ons vuilheid weggeneem en Hy berei vir ons 'n ewige feesvreugde, waar ons ook fees klere sal aantrek.

Elk op sy eie wyse het hierdie volkshelde uit die Ou Testament in hulle naam en optrede na Jesus heen gewys. Jesus moes dieselfde naam dra, wat beteken God is heil....U hoor hoe in die skone Naam Jesus, die Naam Here gespel word, want die Naam het betrekking op God. Jesus wat die heil van die ou dag tot volle openbaring moet bring. Wat beteken God se heil anders as God se verlossing. Verlossing van ons sondes en die terugkeer van ons geluk en vreugde.

Dit is wat in Handeling 4 gebeur. Het u agtergekom hoe die Naam van Jesus die dag daar weerklink het. Alles gebeur in Jesus se Naam. Hoofstuk 3 eers daar in die Skone poort, op pad na die tempel, het Petrus en Johannes met Jesus se naam gewerk. Die kreupel-gebore man kon in vers 6 vir Petrus hoor sê – *Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het. dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!* Vêrder in die hoofstuk kan u dan lees hoe Petrus alles op grond van en in die naam van Jesus verduidelik. Dieselfde Naam wat hulle voor die Joodse Raad laat beland het. Petrus wat in ons teksvers dan ook vir die Raad sou sê – *En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie....*

Hoor u wat die Naam vir die apostels beteken. Die Naam beteken vir hulle saligheid...redding. Die Naam het in die lewe van die kreupel-gebore man daar in die Skone Poort redding en saligheid gebring. Hy kon opstaan en loop, trouens ons lees *hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondgeloop en spring en God prys.....*Sy bene, sy voete en enkels het sterk geword in die Naam van Jesus. Broeder en suster, dit bring my by die laaste vraag –

Wat maak ons met hierdie Naam?

Dit gaan eerste nie om ons saligheid nie, maar om ons rampsaligheid. Sonde maak rampsalig. Ken ons nog die vreeslike mag van die sonde, want dis waaroor ons belydenis eerste handel. Dis hierdie besef van rampsaligheid wat die verlore seun agter die varke tussen die oë tref, die rampsaligheid wat hom agter die varke wegruk. Sonde is 'n mag wat verwoes, 'n kanker wat stadig maar seker tot op die been invreet. In die Grieks het die woord vir sonde ook die

Pretoria- 19 Februarie 2012

betekenis van om “*jou doel te mis*”. Ons gly verby, ons bestemming misloop en so eindig ons by die verkeerde punt, by satan. Hierdie sonde maak ons dood, die loon van die sonde is dan ook die dood, die ewige dood.

As u die mag van die sonde begryp, besef u nou wat ons bely as ons sê- Jesus het ons van al ons sondes verlos...Hyself is vir ons tot sonde gemaak. Aan die kruis was Hy met die hele vloek, met die dood van die sonde oorlaai. As Hy daar in naaktheid hang, dan sien ons Hom in ons sonde naaktheid. Die Naam Jesus laat ons, onself ontdek. As ons Hom Jesus noem, dan noem ons, onself sondaars.

Ons moet ook mooi oplet wanneer het die mense, sy ma en pa, Hom ook vir die eerste keer werklik Jesus genoem. Die dag met sy besnydenis. Lukas 2:21 – *En toe agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny, het hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis in die moederskoot.....*Hoekom toe eers Jesus genoem. Geliefdes, omdat daar bloed by was. Sy besnydenis is sy eerste bloedstorting, die eerste keer dat sy bloed vloei, waar daar enigsins vergewing kan wees. Bloed en dan sy bloed alleen, het dit waarlik moontlik gemaak. Toe eers, kon Hy die Saligmaker, Jesus genoem word.

Van Hom moet ons alles verwag. Hy is die enigste Saligmaker. Die mens wat op twee gedagtes hink, val gewoonlik tussendeur. Daaroor handel ons belydenis dan ook in die tweede vraag, waar veral die Roomse kerk direk in die oog is. Hulle met hulle aflate en relikwieë en bedevaart reise, hulle vir wie Maria en die apostels en die kerkvaders heilige mense is by wie ook hulle saligheid lê. Hulle wat vir hulleself verlossing soek deur goeie werke....ek moet my saligheid verdien. Hulle in die ander godsdienste met Mohammed en Boeddha.

Gemeente, hierdie deel van ons belydenis op grond van ons teksgedeelte, sny hierdie moontlikheid geheel en al uit. Jesus is die enigste Verlosser, die enigste Saligmaker. In Handeling 14:12-13 het ons gelees....*die saligheid is in niemand anders nie*. Johannes 14:6-*Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*. 1 Timotheus 2:5- *Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus....*

Ons praat nou so van die Roomse en ander godsdienste en gesindhede, maar besef ons hoe baie keer ons ook nog maar wesentlik Rooms is? Dalk onbewustelik, maar tog ook

Pretoria- 19 Februarie 2012

doelbewus loop ons ook baie keer met die idee ons moet die Here beïndruk. By Petrus en Johannes sien ons hoe onmoontlik dit vir ons is om God te beïndruk. Alleen Jesus Christus het deur hulle met die kreupele gewerk. As hulle voor die Joodse Raad verskyn dan is dit Jesus wat aan die mense verskyn. Hulle wat apostels is, kan niemand verlos nie, nie eers van 'n gebrek of van 'n siekte nie, wat nog te sê van die sonde. Alleen Jesus kan verlos. By sy verlossing is daar niks by te voeg nie!

Oor hierdie standpunt kry ons swaar. Die mens in homself kan dit nie verdra nie. As u hier wil wees, as u kerk wil wees, mag ons u vra – Is u lewe gevul met die lig van Jesus se nabyheid deur sy Heilige Gees? Is u bly oor u saligheid? Loop ons harte nog oor van blydskap as ons die Naam Jesus hoor. Hy wat vir ons sê – “Ek is Jesus, Ek verlos jou, Ek wil jou in heel jou lewe verlos, jy kan nie vir My ‘n deel van jou lewe uitsluit of wegsteek nie.”

Jesus is nou nog besig om te verlos. Elke uur van my lewe is Hy besig om my te verlos. Met hierdie liggaam van my, op hierdie aarde, in hierdie wêreld is Hy vandag hier besig, ook as u uitstap, dan wil Hy verlos. Sy verlossing is nie beperk tot die hemel en my siel nie. Ook die aarde, ek met my hele liggaam, my hele wese moet aan Hom behoort. Onthou u nog Sondag 1- **My enigste troos is dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe aan Jesus behoort.....** Leef u belydenis uit, dan sal die totale, die radikale van sy verlossing vir u nie net 'n feit wees nie, maar 'n werklikheid. Meer nog, u sal eendag ook 'n nuwe naam ontvang, 'n nuwe naam wat u in Jesus – Naam sal ontvang.

AMEN